DEEL 115 | WEEK 45 | 10 NOVEMBER 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Heilbron groet nog 'n jong boer



Die gemeenskap van Heilbron is in rou gedompel na die afsterwe van 'n geliefde jong man, Wihann Naudé (27), wie se lewe Sondagoggend in 'n tragiese motorongeluk kortgeknip is. Dit word beweer dat Naudé op pad was om sy verloofde, Naomie Faul, te verras toe die noodlottige ongeluk op die R57 Sasolburg-pad plaasgevind het. Die oorsaak van die ongeluk is nog onbekend. Zelna Naudé, Wihann se ma, verduidelik dat die voertuig nie gerol het nie, maar dat dit wel omgeslaan het. Hy het uitgeval en die bakkie het op hom beland. Wihann was die jongste seun van Clary en Zelna Naudé. Hy het in 2013 aan die CVO skool in Heilbron gematrikuleer, waarna hy sy passie vir boerdery gaan uitleef het en sy kennis verbreed het toe hy in Amerika gaan werk het. Naudé het ook vir 'n paar jaar by Koos Engelbrecht gewerk, waar hy waardevolle ondervinding opgedoen het. Wihann het ongeveer twee jaar gelede die groot besluit geneem om op sy eie te begin boer op die plaas Syferkuil. Sy vriend, Christiaan Els, het vertel dat Wihann 'n passie vir boerdery gehad het en dat hy baie geliefd was in sy vriendekring. Hy was ook 'n vriend van Louis van der Westhuizen wat in Maart vanjaar tragies verongeluk het. Wihann sal onthou word vir sy aansteeklike laggie, wat enige vertrek kon ophelder, asook vir sy liefde vir visvang en jag, en sy groot passie vir boerdery. Hy laat sy ouers, Clary en Zelna Naudé, asook sy ouer suster, Marica du Preez, agter. Wihann se nalatenskap sal voortleef in die harte van diegene wat hom geken het, en sy lewenswerk in die boerdery sal voortbestaan as eerbetoning aan 'n jong man wat diep gemis sal word.

## Ngwathe senior bestuursposte weer onder die loep

"Aansoeke vir verskeie senior bestuursposte in Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit het op 26 Oktober 2023 gesluit. Daaronder tel dié van munisipale bestuurder, direkteure van die korporatiewe en gemeenskapsdienste departemente asook dié van hoof finansiële beampte. Apllikante word tans oorweeg vir samestelling van 'n kortlys vir die voer van onderhoude met verdienstelike kandidate", sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe. Die raad het op 8 November 'n spesiale vergadering gehou om die voortslepende probleme met die vul van die vakante senior poste te bespreek. Tydelike maatreëls om die krisis te bestuur sluit in die verlenging van die termyn van die gesekondeerde waarnemende munisipale bestuurder, Mnr Tebogo Manele, wat deur Provinsie goedgekeur is totdat 'n aanstelling in die pos gedoen kan word. Daarbenewens het Fezile Dabi Distriksmunisipaliteit ingestem om een van sy senior amptenare, Mnr Tlali Motshoika, na Ngwathe te sekondeer as waarnemende direkteur van korporatiewe dienste totdat die vakante pos gevul kan word. "Nog Provinsie nóg die Distriksmunisipaliteit kon egter 'n geskikte persoon in hul geledere vind om as waarnemende direkteur van gemeenskapsdienste na Ngwathe te sekondeer en is Mnr S J Caleni, 'n bestuurder in die departement, nieteenstaande protes deur opposisiepartye, aangestel om as sulks waar te neem", sê raadslid Van der Merwe verder. "Die Vryheidsfront Plus, onder andere, is van oordeel dat hy nie 'n geskikte kandidaat vir die pos is nie en wou eerder verder soek na 'n toepaslik gekwalifiseerde persoon, maar die aanstelling is na debattering met 'n meerderheidstem deurgevoer." Die uitvoerende burgemeester het intussen 'n regsmening bekom oor die onopgeloste dilemma met die status van die voorheen geskorsde direkteur van tegniese dienste, Mnr T Malunga, wat ondere vrae laat onstaan het of sy aanstelling uit die staanspoor ooit wettig was weens 'n moontlike gebrek aan kwalifikasies wat deur wetgewing vasgestel en vereis word vir senior bestuursposte en waaroor hy klaarblyklik moontlik nie beskik het nie. Die saak word tans verder ondersoek en dit word verwag dat 'n finale besluit oor sy toekoms by Ngwathe binnekort geneem sal word. "Die tegniese departement is die hartklop van dienslewering in die munisipaliteit en dit is noodsaaklik dat stabiliteit met bekwame leierskap daarin gehandhaaf moet word. Gevolglik doen die Vryheidsfront Plus alles in sy vermoë om afhandeling van dié netelige kwessie te bespoedig", sê raadslid Van der Merwe.









# Huis-Bron-van-Heil hou basaar

Saterdag 28 Oktober was dit weer tyd vir Huis-Bron-van-Heil se jaarlikse Basaar. Dit was 'n heerlike oggend van lekker saamkuier so voor die Wêreldbeker rugbyfinaal.

Die Direksie van Huis-Bron-van-Heil wil graag vir Pakworks en RSA Grain Storage Solutions bedank vir die tente wat vir die dag opgeslaan is. Die betrokke kerke van N.G. Moederkerk, N.G. Suid, A.P kerk en Gereformeerde kerk se dames het behoorlik reg gestaan met heerlike eet- en drinkgoed. Dit is lekker om te sien hoe die gemeenskap van Heilbron saamstaan om die dag spesiaal te maak vir ons bejaardes. Volgende jaar maak ons weer so!





# Beweerde 'spookwerkers': opposisie eis nou volle feite

Ngwathe se stadsraad het eergistermiddag Mnr Tebogo Manele heraangestel as waarnemende Munisipale Bestuurder. "Nou soek ons die ondersoekverslag na sogenaamde 'spookwerkers' by Ngwathe," sê DA-raadslid Arnold Schoonwinkel. Die interne ondersoekverslag moes reeds op 25 Oktober by die agerende munisipale bestuurder wees, maar is vertraag omdat laasgenoemde se tydelike aanstelling per abuis op 19 Oktober verval het.

Herald het reeds berig oor Ngwathe Munisipaliteit se beweerde 'kamma-werknemers" wat salarisse ontvang sonder dat hulle voltyds (of selfs deeltyds) werk (Herald, 27 Oktober). "Hulle verskyn op die munisipale betaalstate, maar rapporteer óf gladnie vir diens nie, óf meld soggens aan, maar verdwyn weer baie gou daarna," aldus Rdl Schoonwinkel.

Raadslid Phillip van der Merwe (VF+) het verlede maand tydens 'n vergadering gekla Ngwathe beskik tans nie oor 'n doeltreffende stelsel wat amptenare by hul aankoms by die werkplek inklok en uitteken by hul vertrek nie. "Dit maak sogenaamde 'spookwerkers' moontlik," het hy gesê. Hy het gevra dat só 'n stelsel dringend ondersoe word, en ook sekuriteitskameras om te kan monitor of sekuriteitspersoneel tydens hul skofte voltyds aanwesig bly. Dit is aanvaar.

DA-raadslid Arnold Schoonwinkel het gesê hy is vertroulik ingelig Ngwathe het talle spookwerkers wat ten volle betaal word "sonder om 'n steek werk te doen."' DA-vrae in Mangaung metromunisipaliteit, gesteun deur die VF+, het 119 spookwerkers onlangs daar ontmasker. In Maluti-A-Phofung, die munisipaliteit met Harrismith as hoofdorp, het DA-ondersoeke, weereens met die steun van die VF+ asook sekere ANC-raadslede, gehelp om 26 spookwerkers aan die kaak te stel.

'n Ander raadslid het daarop beweer 'n personeellid in Koppies meld soggens vir diens aan by die munisipale kantoor en verkas dan dadelik om 'n besige spaza tuis te gaan bedryf. "En niks gebeur nie," het die raadslid bygevoeg. Nog 'n raadslid, hierdie keer van die ANC, het gesê hy hoor sekere munisipale amptenare in Vredefort drink tydens kantoorure in 'n kroeg, wat hy nogal glo "want bedags is hulle kantore leeg". Hy kon die drinkery nog nie bewys nie, want die drinkende werknemers kruip glo weg wanneer sy voertuig in die omgewing kom.

Toe raadslede van alle partye aandring op 'n volledige ondersoek, het 'n senior amptenaar gesê so 'n ondersoek vind reeds plaas. Daarop het sowel Rdle Schoonwinkel as Van der Merwe vir spoedige vrystelling van die ondersoekverslag gevra. Dis blykbaar vertraag omdat daar sedert 19 Oktober geen waarnemende munisipale bestuurder was nie. Gisteroggend het Schoonwinkel geskryf: "No doubt you agree …(we)… need sight of the management report on 'ghostworkers' immediately." Sy versoek is ondersteun deur VF+ se Raadslede Phillip van der Merwe en Prof Jan Meyer.




*Wilna Pienaar is 'n nuwe klublid en inwoner van Huis- Bron-van-Heil. Ons gereelde NOOT VIR NOOT-begeleier kon weens ander verpligtinge nie uithelp nie. Wilna het haar egter uitstekend van haar taak as begeleier gekwyt met haar trekklavier. Die temas was: Liedjies met 'n pleknaam in die titel, Volkspele-liedjies, ou, Down Memory Lane-liedjies en Afrikaanse liedjies. Die lede kon elke liedjie op ongeveer 3 tot 5 note identifiseer! Met ons volgende program sal die onbekende interessanthede van die dorpe, Lindley en Reitz uitgepluis word. Foto: Wilna Pienaar.*

## UIT DIE PEN: Week 45 van 2023



Amilé is 'n pragtige dogtertjie met blonde krulle en dimpels in haar wange. Alhoewel sy altyd glimlag, is baie ernstig oor die lewe. Sy presteer akademies en hou van sing. Sy dra voor en het aan die kunswedstryd deelgeneem. Sy is nou in graad 3.

Toe Amilé so net-net begin praat het, luister sy na 'n gesprek tussen haar oupa en sy vriend oor 'n helikoperongeluk. Toe ek weer sien, pluk sy aan my broek: "Tannie, tannie. He-li-kop-ter." Groot woord vir 'n klein mens, dog ek.

Dieselfde aand vra ek haar om my goeie man te groet. Ek vra haar om agter my aan te sê. Sy het my snaaks aangekyk. Ek vra haar weer om dit te doen. Steeds kyk sy my snaaks aan.

"Amilé, sê dit mooi, toe?" Vra ek, byna pleitend.

"Mooi," sê Amilé. Want dit was eintlik mos my opdrag. Om "mooi" te sê. En nou nog lag my goeie man oor die reaksie wat ek gekry het.

Wat my laat dink het aan wat ons as "mooi" en daarmee saam, as "goed" beskou.

Mooi is relatief. Kyk gerus rondom jou. Verskillende mense het verskillende klere en kleure aan, wat goed is. Verskillende kleure motors en verskillende fabrikate. Juwele verskil, huise en die kleur en keuse meubels. Diegene wat dit kies, dink dit is mooi, alhoewel dit vir 'n ander persoon nie mooi sal wees nie. En dit is reg so.

Die sonsondergang in die Bosveld is mooi, maar vir my lyk die sonsondergang in Kaapstad beter. Gepraat van die Bosveld: daar is vir my niks mooier as die see nie, maar vir ander is die Bosveld mooi.

Die ander dag het ek na Stephan Joubert geluister, en hy noem ook 'n paar natuurdinge wat mooi is: Jakarandablomme, 'n nuwe roosknop, enige bolplant wat nuwe blomme uitstoot. Mielies wat deur die grond breek. 'n Mooi glimlag, noem maar op. Hy sê dat ons 'n ingesteldheid moet ontwikkel waar ons dadelik eers dankie sê vir die voorreg van die mooiheid, en iemand daarna daarvan vertel.

Ek het dit probeer, eers in my gedagtes dankie sê vir die Groot Skepper, en daarna vir iemand sê hoe mooi dit is.

Wat my bring by die term "goed".

Natuurlik, alles wat nie sleg is nie, is goed. Sover as wat dit ons mense aanbetref. Dan is daar ook 'n diskrepansie tussen wat vir wie goed is. Sommige dink dat Hamas se aanval op Israel goed is. Ander dink dat Israel se teenaanvalle goed is. Dieselfe met Oekraïne en Rusland. Dit hang af van jou verwysingsraamwerk, waarin jy glo, waarvoor jy staan en oor reg en verkeerd.

Of is ek nou verkeerd?

Teen die derde dag van God se skepping het Hy die eerste keer opgemerk dat dit goed was. Op die sesde dag, nadat Hy die mense geskep het, het Hy gesê: Dit is baie goed.

In Genesis 2 vertel God dat dit nie goed is vir 'n man om alleen te wees nie, en Hy maak vir Adam 'n maat. Natuurlik is daar nog ander voorbeelde, soos die boom van goed en kwaad. Om goeie vrugte te dra.

Maar ek wonder altyd daaroor wanneer iemand sê dat iemand anders 'n goeie mens is? "A good person". Deesdae is dit nie net in die Amerikaanse reekse of flieks nie. Dis nou meer algemeen.

Maar wat vir 'n ding sal 'n goeie mens wees? Is daar 'n kriteria aan verbonde? Ek het aanlyn daarna gaan soek en met die eerste soektog ten minste 20 vereistes gekry.

1. Gee jouself komplimente.
2. Moenie verskonings maak nie en neem verantwoordelikheid.
3. Laat gaan jou kwaadgeit.
4. Vergewe ander.
5. Wees eerlik en direk in jou handel en wandel.
6. Wees behulpsaam.
7. Luister na ander.
8. Sien om na jou gemeenskap.
9. Wees altyd gemanierd.
10. Wees jouself.
11. Wees oop vir moontlike verandering.
12. Bewys respek aan ander.
13. Moet nooit kuier sonder 'n klein geskenkie nie.
14. Hou aan leer.
15. Verras mense.
16. Wees gaaf.
17. Hê empatie vir ander.
18. Wees regverdig.
19. Wees lief vir jouself.
20. Maak seker dat jy jou daaglikse doelwitte bereik.

Die lys word net al hoe langer, hoe meer ek daarna op Google soek.

Maak seker dat jy jou daaglikse doelwitte bereik as laaste vereiste gooi my heeltemal uit die bus. Ek bereik baie selde my daaglikse doelwitte, want nes ek goed op dreef is, gebeur die lewe en ek skuif die doelwit na die volgende dag. Ek voel nie eers sleg daaroor ie.

As ek myself aan bogenoemde lys meet, is ek regtig nie 'n goeie mens nie. Ek ken ook nie 'n goeie mens nie, want tans is daar niemand wat aan al daardie vereistes voldoen nie. Veral as jy in ag neem dat bogenoemde net 'n paar kenmerke is.

Ons weet wat is mooi en dat mooi nie vir almal mooi is nie. En dit hoef ook nie vir almal ewe mooi te wees nie. Maar met 'n goeie mens, dink ek, is dit effens anders. Ek dink jy word 'n goeie mens omdat jy in 'n goeie God glo wat deur jou werk om jou goed te maak.

Die les vir die week is om te wees soos wat God jou wil sien en ken. Dan is ek amper seker dat jy nie 'n lang lys van vereistes moet hê waaraan jy jouself kan meet om te sien of jy 'n goeie mens is nie.

En onthou om dankbaar te wees vir die mooi dinge.

# INSPIRASIE RESEPTE - Pasch du Plooy



With the summer in full swing and the fire roaring over weekends, it's time for braaibroodjies. Every braai'er worth his salt will have his own twist on this unique and famous south African sandwich. And then there is always the question, onions or no onions? Well, you can decide that for yourself, but here is my favourite recipe!

Preparation time – 30 minutes
Cooking time – 15-20 minutes
Serving – makes 4 broodjies

**Ingredients for the Braaibroodjie**
8 slices, thick sliced white bread
2 Roma tomatoes, thinly sliced
2 red onions, sliced as thin as possible
100g grated boerenkaas with cumin / cheddar
100g grated mozzarella
4 tbs mayonnaise
4 tbs chutney
60g – 80g butter melted
Salt and pepper

**Method for the Braaibroodjies**
In a mixing bowl, mix your cheeses together. Now place all your slices of bread on a cutting board or work surface. Spread 4 slices of your bread with mayonnaise and the other 4 slices with chutney. Start on the mayonnaise side and divide your cheese mixture evenly for each slice, spreading the cheese evenly. Now place 4 slices of tomato on your cheese and make sure its space to cover whole sandwich. Now season your tomato with salt and pepper. Evenly add some red onions to your liking, I like enough onion so will divide between the 4 sandwiches. Now place your chutney slices, chutney side down on your sandwiches. Lightly press to secure all and then brush both outsides with melted butter.

Place your braaibroodjies on a braai grid, without closing tightly, not to crush your sandwich. Braai over a medium heat, at least 30 cm above your fire while turning every 30 to 40 seconds. Braai until golden brown and the cheese is melted.

**How to serve**
Cut to your liking and serve with your braai!

**Chefs note**
Replace the Boerenkaas with matured cheddar for a more pungent flavour.

HEILBRON CAR WASH
BESIGHEIDSURE:
Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 17:00
Saterdae: 08:00 tot 13:00
Ons perseel verskuif na
H/v Kerk- en Luytstraat Heilbron
Navrae: 061 017 4472

Kleuterkasteel
Skoolhoof & Graad RR pos
Kleuterkasteel het 'n vakature vir 'n energieke en dinamiese kleuterskool onderwyser om in 2024 by ons span aan te sluit.
Vereistes
• Matrieksertifikaat.
• Relevante kwalifikasies.
• Ondervinding in onderwys.
• Ondervinding in bestuur.
• Identiteitsdokument.
Vir navrae kontak:
Johan van Rooyen
082 576 8224
Stuur volledige CV aan:
johancobdy@gmail.com
Sluitingsdatum: 17 November 2023
Aanvangsdatum: 1 Januarie 2024

HEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
JJ HADEBESTRAAT 77
FRANKFORT
(Langs Frankfort Bearings)

## TROUKOORS



*Johan (seun van Kobus en Magda van Vuuren van Pretoria) en Junior van Vuuren (seun van Jaco en Salomé van Heilbron) is getroud op 4 November 2023 te Donsveertje Heilbron. Die egpaar vestig hulle tans in Heilbron.*

SHOP FOR SALE!
SHOP FOR SALE!
51 Langmark Street
(Main Road)
078 518 0518
060 256 4014

Louise DOHNE MERINO STOET
BIED AAN
UITSTEKENDE RAMME GEREED VIR PARING
Hele groep 2021 Lentegebore AA- en A-ramme
Hele groep 2022 Herfsgebore AA- en A-ramme
48 jaar se uitstekend teling en genetika
WESDAN
NAVRAE

SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
47 Cilliers Street Heilbron 060 908 9009 | admin@solarvibestore.com
All Electrical & Solar Appliances available in store!
Orders placed with next day delivery
Solar installations & After Services

# KENNISGEWINGS

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35 (5) of the Administration Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

NOTICE LANGUAGE: **ENGLISH**
PROVINCE: **FREE STATE**
ESTATE NUMBER: 824/2022
SURNAME: **LABUSCHAGNE**
FIRST NAMES: **ANNA PETRONELLA**
ID NUMBER: **320207 0035 083**
LAST ADDRESS:
**23 GROENEWALD STREET, PETRUS STEYN**
Description of Account if other than First and Final:
**First and Final**
Period of inspection: **21 Days**
Magistrate's Office: **Petrus Steyn**
**MASTERS OFFICE: BLOEMFONTEIN**
**ADVERTISER ADDRESS:**
**YORKWEG 1A,**
**WAVERLEY**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-MAIL: bloemwess@internext.co.za**
**Date Submitted: 2023-10-30**
**Tel: 051 436 1209**
**Publication in the Government Gazett: 2023-11-10**

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Transportakte Nommer **T4730/1964** geregistreer in die n a a m van **CAMBRIDGE GARDENS PROPRIETARY LIMITED, Registrasienommer 1994/001186/07** ten aansien van **ERF 524 BETHLEHEM, DISTRIK BETHLEHEM, PROVINSIE VRYSTAAT,** wat verlore geraak het of vernietig

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te Bloemfontein op hede die 1ste dag van November 2023.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/KN4144**
**YORKWEG 1A, WAVERLEY**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-POS ADRES:** bloemwess@internext.co.za
**Kontaknommer:** 051-436 1209

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. TE 016762/2004** passed by **NKETOANA LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **MATHESE SAMUEL TSOTETSI, Identity number; 500309 5524 087** and **MAMOSEBETSI JOSEPHINA TSOTESI, Identity number: 510725 0286 083,** married in community of property to each other in respect of certain **ERF 423, MAMAFUBEDU, DISTRICT LINDLEY, PROVINCE FREE STATE, IN EXTENT: 316 (THREE HUNDRED AND TWENTY THREE) Square Meters.**

which has been lost or destroyed.

All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.

Dated at Heilbron this 25th day of October 2023.
**APPLICANT AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADDRESS: 40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesa@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**



Ons laaste uitgawe vir die jaar is DV **14 Desember 2023** en eerste uitgawe vir volgende jaar **12 Januarie 2024**.

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE ALBERT SEKHOTO Identiteitsnommer: 540618 5706 08 6** in lewe 'n VERHUURDER woonagtig te **STAND1769, PETSANA, REITZ, 9810,** ongetroud.
**DATUM VAN AFSTERWE:** 29 JUNIE 2020
**BOEDELNOMMER:** 008207/2020
**KENNIS GESKIED HIERMEE** dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, BLOEMFONTEIN, en die Landdros te REITZ vir 'n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing. Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6,**
**REITZ, 9810**

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T30895/1999** gepasseer deur **JOLETTE MARIE BEZUIDENHOUT, Identiteitsnommer 5708040148 08 5,** Getroud buite gemeenskap van goed ten gunste van **DIE TRUSTEES VIR DIE TYD EN WYL VAN DIE AUTO HARVEST TRUST, Registrasienommer IT1972/99,** ten aansien van sekere **GEDEELTE 4 VAN DIE PLAAS RAMLAHRIC 216, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT** wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te Reitz op hede die 7de dag van November 2023.
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**29 SAREL CILLIERS STRAAT,**
**REITZ, 9810**
**bligwes07@gmail.com**
**Tel: 058 863 2884 / 5**

Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na **Heilbron Herald.** Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za


**VAKATURE**

OK MiniMark
OK Liquor

*OK MINIMARK & OK LIQUOR PETRUS STEYN ASSISTENT - BESTUURDER*

Bogenoemde pos is beskikbaar met ingang 01 Desember 2023.

**Vereistes:**
1. Rekenaarvaardig.
2. Goeie menseverhoudings.
3. Bereid wees om sekere naweke te werk.

'n Mededingende salaris en aangename werksomstandighede word aangebied.

CV's kan slegs per e-pos gestuur word na admin7@okbultfontein.co.za Sluitingsdatum: 20/11/2023.


# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


**TE KOOP**
2014, BMW x3 Xdrive, 2.0D, automaties, 200 000km, nuwe bande, ongeluksvry, vol diensrekord.
Prys: R215 000
**Skakel**
083 303 9090





POSTNET HEILBRON
**BESIGHEIDSURE**
Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30
Saterdae: 09:00 - 12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006





# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



HERALD Sport

# Bewolk met 100% kans vir uitstekende gholf

Afriforum se gholfdag Saterdag was 'n reusesukses met 36 spelers wat deelgeneem het. Die matige weersomstandighede was ideaal vir goeie spel asook minimale sonbrand. Die spel formaat was "Best Drive Better Ball wat gewen was deur Simon Malgas & Zacharia Mholo met 'n IPS totaal van 50 punte. Drie spanne het 'n IPS van 49 punte behaal en was na 'n "Count Out" soos volg aangeteken: 2de Plek Vian Leeb & Tobie Schlebusch, 3de Plek Jackie Leonard & Johan Weilbach, 4de Plek Devan Swanepoel & Pieter van Staden. Elke speler het 'n prys ontvang en daar was ook 'n lootjie trekking vir drie pryse. Die pryse wat op die spel was, is soos volg: 'n twee nagte vakansie vir persone (gewen deur Delareyz Smit), vleisgeskenkpak ter waarde van R500 (gewen deur Leonard Strydom) asook nog 'n vleisgeskenkpak ter waarde van R250 (gewen deur Vian Leeb). Afriforum se gasspelers was Gerrie Nel, Raymond Hohls en Corné Cronjè. Voor die dag se afsluiting het Gerrie Nel meer vertel oor Afriforum en waarvoor hulle staan. Volgende aan die beurt was Raymond Hohls. Raymond het vertel oor die buurtwag wat Afriforum Heilbron beplan om in die nuwe jaar te stig en hoe die gemeenskap daardeur beveilig kan word. Die dag was gesellig afgesluit en almal het Krappie se smul lekker spit geniet.



*Op die foto vl: Gerrie Muller (Afriforum Heilbron/Gholfklub President), Simon Malgas & Zacharia Mholo (Wenners), adv. Gerrie Nel (Afriforum).*

Ons laaste uitgawe vir die jaar is DV **14 Desember 2023** en eerste uitgawe vir volgende jaar **12 Januarie 2024**.



# "Bowling for Boobies"

Die gemeenskap van Heilbron het op 1 November saamgespan ter ondersteuning vir borskanker bewusmaking. Met 21 spanne op die rolbalbaan, is 'n "Bowling for Boobies"-fondsinsameling aangebied ten bate van die Kansa-kankervereniging. Die inspirerende geleentheid was nie net 'n platform vir bewusmaking nie, maar ook 'n viering van saamstaan en omgee vir mekaar in moeilike tye. Die bekwame en toegewyde Hannalie Claassen saam Hendie Lotter het die leisels geneem en die balle laat rol. Die feit dat Heilbron self 'n paar inwoners het wat teen kanker stry, het die geleentheid nog meer persoonlik gemaak. Die aand was gehul in 'n rooskleurige atmosfeer, met spelers en toeskouers almal in pragtige pienk getooi. Daar was selfs 'n bypassende Pink Gin uitgedeel om die geleentheid te vier. Die opwinding en gees van samewerking het nie net by die rolbalbaan gestop nie, maar daar was ook 'n paar moedige danspogings tot almal se vermaak. Spelers van oud en jonk het deelgeneem. Die geleentheid het 'n indrukwekkende R10 300 ingesamel, wat met nederigheid aan Kansa oorhandig word. Die HBA Golden Cows is verdienstelik erken vir hul kreatiewe vertoning en toewyding, en is as wenners aangewys vir die beste uitrustings van die aand. Bouncy Boobies het ook die prys gewen vir die beste gees. Die sukses van die geleentheid kan ook toegeskryf word aan die onbaatsugtige ondersteuning van die vier borge. Ultra Liquor se borg van drie bottels Pink Gin, Cara Nell se heerlike pienk Kolwyntjies, Hannalie Claassen se sjokolade pryse vir die wenners, en dan Kopanag se borg van Tonic Water vir die Gin, het die aand 'n ekstra glans gegee en die gemeenskap se toewyding aan die goeie saak bewys. Alhoewel "Bowling for Boobies" vanjaar vir die eerste keer in Heilbron aangebied is, wil hulle dit graag 'n instelling maak in die toekoms om hulle ondersteuning aan kankerlyers te toon.



*WENSPAN: Op die foto vl: Joey Steyn, Rita Hayes, Lisa Boshoff, Meloney Pretorius, Berna du Plessis en Marthie Ferreira.*



*Op die foto vl: Jolandri Mienie, Chandré Nortje, Christelle Adlem en Riana Els.*

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 13 NOVEMBER 2023**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
HANDHAAF Halfjaarlikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

**DINSDAG - 14 NOVEMBER 2023**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
VREDE Maandeliks veiling
Kontak Jandre Moll 082 307 9169

**WOENSDAG - 15 NOVEMBER 2023**
DANIËLSRUS Kwartaalikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
WINBURG Jaarlikse Vetvee veiling
Kontak Jaco Swanepoel 079 526 4637
STANDERTON Aanteelveiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

**DONDERDAG - 16 NOVEMBER 2023**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
FICKSBURG Kersieveiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 17 NOVEMBER 2023**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Jaco Breedt 082 440 8960
STANDERTON HVS Herdenkingsveiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

HEILBRON OK Foods
R200 000 GIVEAWAY
SPEND R200 OR MORE AND SWIPE YOUR OK LOYALTY CARD TO WIN YOUR SHARE OF R200 000
3 WINNERS PER WEEK FOR 20 WEEKS
VALID AT: HEILBRON OK FOODS, OK LIQUOR & OK EXPRESS
18 Aug 2023 until 06 Jan 2024
Terms and Conditions Apply